

Konflik in Mosambiek – ’n ondersoek na die aard en dinamika van die teeninsurgensie-operasies in Cabo Delgado

Theo Neethling

Theo Neethling, Departement Politieke Studie en Regeerkunde, Universiteit van die Vrystaat

Opsomming

’n Gewelddadige insurgensie het veral sedert 2017 diep wortel in Mosambiek se noordelike Cabo Delgado-provinsie geskiet. Dit hou regstreeks verband met die ekstremistiese Moslem-groep Ansar al-Sunna, wat vanaf Oktober 2017 verantwoordelik was vir die dood en ontworteling van duisende Mosambiekers in ’n provinsie wat algemeen beskou word as die mees gemarginaliseerde provinsie in Mosambiek sowel op politieke as op sosio-ekonomiese gebied. Nadat die Mosambiekse veiligheidsmagte vrugtelose pogings aangewend het om die insurgensie die hoof te bied, is ’n aantal buitelandse rolspelers by die konflik betrek, waaronder ’n Russies-gebaseerde paramilitêre groep en ’n Suid-Afrikaans-gebaseerde paramilitêre groep. In 2021 is die Rwandese weermag en daarna ook ’n militêre bystandsmag van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) deur die Mosambiekse regering gemagtig om by die konflik betrokke te raak as teenvoeter vir die insurgente. In hierdie artikel word op veral vier sake gefokus. Eerstens word die teoretiese aspekte van teeninsurgensie-operasies onder die loep geneem. Tweedens word die konflikdinamika in Cabo Delgado en die faktore wat die konflik laat ontvlam het en steeds aanvuur, ontleed. Derdens val die fokus op die teeninsurgensiepogings van die Mosambiekse regering om die geweldpleging van Ansar al-Sunna in Cabo Delgado die hoof te bied, asook na die rol en pogings van die buitelandse paramilitêre magte wat mettertyd betrek is. Laastens word die teeninsurgensiepogings van sowel die SAOG as Rwanda in Cabo Delgado bestudeer. Die doel van die artikel is om vas te stel of daar wel vordering gemaak word in pogings om ’n einde aan die grootskaalse geweld in die noorde van Mosambiek te bring en derhalwe stelselmatig ’n suksesvolle teeninsurgensie-operasie uit te voer.

Trefwoorde: Ansar al-Sunna; Cabo Delgado; ekstremisme; Mosambiek; SAOG; teeninsurgensie-operasies

Abstract

Conflict in Mozambique – an investigation into the nature and dynamics of the counter-insurgency operations in Cabo Delgado

Since 2017, growing insurgency in the northern parts of Mozambique has attracted the attention of observers and conflict analysts internationally. Twenty-five years after the conclusion of the brutal Mozambican Civil War (1975–1992), the insurgent movement Ansar al-Sunna (also known as Ahlu Sunna wa Jama) started to cause havoc in the northern province of Cabo Delgado, which is a stronghold of the ruling party, Frelimo, but also an impoverished and predominantly Muslim area. This happened after a group of radicalised young men from the areas of Cabo Delgado gathered in opposition to the local Sufi Islam and the Salafi National Islamic Council in the country. Two issues in particular played a role in the radicalisation of the young men, namely exposure to international and regional jihadist networks, particularly those in Somalia, Tanzania and the Democratic Republic of Congo (DRC), and local grievances and experiences of historical marginalisation. What should be noted here is that the insurgency in Cabo Delgado is the first manifestation of violent extremism of this kind in Southern Africa, namely an extremist and militant movement that is associated with the Islamic State (Islamic State of Iraq and Syria) (ISIS), and thus with the notion of a jihadist insurgency.

Ansar al-Sunna, which is often locally referred to as the al-Shabaab of Cabo Delgado, initially challenged local imams and defaced mosques, but eventually started to organise militarily by establishing military camps. They burst on the scene in October 2017, when they launched an attack against three police stations in Mocímboa da Praia, a port town in northern Mozambique. Since 2018, attacks have become increasingly violent and characterised by bloodshed, involving beheadings, attacks on villages, and kidnapping of women and girls. An attack on a convoy transporting goods and workers for Anadarko, a now defunct United States multinational oil and gas company which operated in Mozambique, also occurred, resulting in a temporary suspension of construction work on the company's natural gas plant in Cabo Delgado. After a period of calm, Mocímboa da Praia was again attacked in April 2020, but this time Ansar al-Sunna made it clear that the movement had come to stay and that they envisioned the establishment of a Sharia-based administration in the Cabo Delgado region. The attack on Mocímboa da Praia was especially of political significance as it represented a most important military victory over the Mozambican armed forces in the northern parts.

Violent attacks on civilians played out in a landscape of increasingly high levels of insecurity and displacement among the local communities with very negative consequences for development within the region and a disruption of farming activities. This was followed by a heavy-handed response to the insurgents from the Mozambican security forces, which was similar to harsh security responses elsewhere on the African continent, specifically Somalia, the Lake Chad Basin, the Sahel and the Maghreb. In Mozambique the escalating attacks and harsh security response have heightened distrust among local residents and led residents to take to the streets in the city of Palma in Cabo Delgado. All of this occurred against the backdrop of growing foreign economic engagement in the Cabo Delgado region by gigantic multinational oil and gas companies relating to the discovery of natural gas reserves in the offshore waters of the province.

The Mozambican security forces proved themselves too weak to counter the extremists and could not prevent them from taking the strategic northern town of Mocímboa de Praia. Given

the glaring operational weaknesses of the Mozambican security forces, the Mozambican government increasingly relied on foreign paramilitary contractors to put a lid on the insurgency – first the Russian Wagner Group and thereafter the South African-based Dyck Advisory Group. The interventions and operations of paramilitary groups in support of the Mozambican security forces did not, however, stop attacks by Ansar al-Sunna in Cabo Delgado. In fact, in November 2020 many locals were reportedly beheaded by the insurgents in the north-eastern parts, which led the United Nations High Commissioner for Human Rights, Michelle Bachelet, to appeal for urgent measures to protect civilians in what observers described as an increasingly dangerous and chaotic situation. Hence appeals were made by various actors for an intervention operation by the Southern African Development Community (SADC), specifically the deployment of a multinational military force.

In June 2021 the SADC agreed to deploy a regional standby force in Cabo Delgado. The agreement was implemented soon thereafter when the SADC deployed a regional standby force – the first time the organisation had done so – as the security landscape in Cabo Delgado demanded a counter-insurgency operation as opposed to a peacekeeping operation. However, as much as the multinational agreement on SADC intervention drew a positive response from many observers, it soon transpired that the multinational agreement reached in June of that year between the SADC and the Mozambican government was hampered by some member states lagging on troop and equipment commitments – with very negative consequences for the counter-insurgency operations in Cabo Delgado. Meanwhile, another important agreement was concluded, namely a bilateral agreement between the governments of Mozambique and Rwanda, providing for the deployment of Rwandan troops to Cabo Delgado. All in all, the foreign forces, working with the Mozambican security forces, soon managed to drive insurgents out of some of their strongholds while a substantial number were killed. Yet, on the downside, several small groups kept mounting attacks in parts of Cabo Delgado from January 2022, especially in the upper north-western parts of the country. This specifically includes the neighbouring Niassa province to the west of Cabo Delgado and even parts of Tanzania. Moreover, from a counter-insurgency point of view, many observers rightly maintain that the conflict was generated by local grievances and socio-economic marginalisation, and in this regard they correctly keep pointing out that the conflict will persist if counter-insurgency operations do not go beyond a military approach to quell the insurgency – an argument that is strongly supported in this article.

In view of the above, this article concentrates on the insurgency and conflict dynamics in northern Mozambique, as well as the political and military measures taken to counter the insurgency. The scope of this article is as follows: First, insurgency as a concept and the theoretical underpinnings of counterinsurgency operations are examined. Secondly, the discussion focuses on those factors that motivated the jihadist insurgency of Ansar al-Sunna in Cabo Delgado and continue to fuel the conflict dynamics. Thirdly, the discussion focuses on the steps taken by the government of Mozambique to quell the insurgency, most specifically the contracting of foreign paramilitary role players to assist the Mozambican government. Fourthly, the article analyses the counterinsurgency roles of the SADC and the Rwandan government at a regional intergovernmental level in the conflict dynamics. The analysis is qualitative and thus based on the collecting and analysing of non-numerical data from all relevant and available sources. This being said, the aim of the study is to assess and determine whether meaningful progress has been made in efforts to deal with Ansar al-Sunna as a jihadist movement in the conflict dynamics in northern Mozambique, and accordingly whether the conducting of counterinsurgency operations in Cabo Delgado is showing evidence of success.

Keywords: Ansar al-Sunna; Cabo Delgado; counter-insurgency operations; extremism; Mozambique; SADC

1. Inleiding

Sedert Maart 2017 het 'n bloedige insurgensie in Mosambiek se noordelike Cabo Delgado-provinsie toenemend die aandag van waarnemers en ontleders wêreldwyd getrek. Vyf en twintig jaar ná die beëindiging van die Mosambiekse burgeroorlog (1975–1992) het die militante Moslembeweging Ansar al-Sunna (ook bekend as Ahlu-Sunnah Wa-Jama) die noordelike Cabo Delgado-provinsie in chaos gedompel deur gewelddadige optrede teen burgerlikes en die Mosambiekse veiligheidsmagte. Wat die insurgensie van verdere belang maak, is dat Cabo Delgado ook in 'n ander opsig in die internasionale kollig gekom het, naamlik vanweë die ontdekking van ryk natuurlike-gas-bronne wat reuse- ekonomiese potensiaal vir ontwikkeling in Mosambiek inhou.

In Junie 2021 het die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) as interregerings-organisasie verantwoordelik vir die koördinerende van ekonomiese, politieke en veiligheids-aangeleenthede in 16 Suider-Afrikaanse state aangekondig dat goedkeuring verleen is vir die ontplooiing van 'n multinasionale streeksmag om die voortslepende konflik in Cabo Delgado die hoof te bied. Die konflik in Mosambiek kan teruggevoer word na Oktober 2017 toe Ansar al-Sunna op die voorgrond getree het met aanvalle op dele van die plaaslike bevolking. Ansar al-Sunna, wat in die noordelike Mosambiekse volksmond ook as al-Sjabaab bekend staan (ofskoon nie dieselfde beweging as al-Sjabaab in Somalië nie), was met hulle aanvalle op burgerlike teikens tussen Oktober 2017 en Julie 2021 verantwoordelik vir lewensverlies van ongeveer 2 500 Mosambiekers en die ontworteling van ongeveer 800 000 (Demuyne en Weijenberg 2021). In April 2021 het die Verenigde Nasies (VN) se Wêreldvoedselprogram bekendgemaak dat meer as 950 000 mense in die geaffekteerde gebiede akute honger in die gesig staar. Die plan was om hulpbronne en fondse aan te wend om minstens 750 000 ontworteldes en lede van kwesbare groepe in Cabo Delgado en die omliggende provinsies met voedselvoorsiening by te staan (World Food Programme 2022).

Dit alles was die gevolg daarvan dat merendeels jong, verarmde mans in dié grootliks Moslem-provinsie hulle veral sedert 2017 as 'n radikale opposisie teen die plaaslike Soefi-Islam en die Salafi Nasionale Islamitiese Raad in Mosambiek geposisioneer het. Twee aangeleenthede het pertinent 'n rol by die radikalisering van die jongmense en die gepaardgaande geweldpleging gespeel, naamlik blootstelling aan en betrokkenheid by internasionale djihadistiese (militante Islamitiese) netwerke, veral dié in Somalië, Tanzanië en die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), asook politieke griewe van 'n plaaslike aard en verbandhoudende gevoelens van ekonomiese marginalisering (Israel 2020).

Die Mosambiekse veiligheidsmagte is sedert 2017 in teeninsurgensie-operasies teen Ansar al-Sunna ontplooi, maar sonder welslae. Aanvanklik het die Mosambiekse polisie die leiding in operasies geneem, maar mettertyd is die weermag ook betrek. In Januarie 2021 het die stafhoof van die Mosambiekse weermag, generaal-majoor Eugénio Mussa, aan soldate wat in Cabo Delgado ontplooi was, verklaar dat 2021 die jaar moet wees waarin 'n einde aan die insurgensie gebring word (Beula 2021). Ten einde die Mosambiekse magte te ondersteun het die regering in Maputo in 'n huurooreenkoms met die omstrede Russiese paramilitêre Wagner-groep getree

ingevolge waarvan laasgenoemde vanaf November 2019 in die noorde van die land sou ontplooi asook opleiding aan die Mosambiekse veiligheidsmagte sou verskaf. Nadat die Wagner-groep egter kort ná ontplooiing terugslae en lewensverlies ervaar het, is hulle betrokkenheid by die Mosambiekse konflik beëindig, maar dit het nie die einde van buitelandse betrokkenheid in Cabo Delgado beteken nie. In April 2020 het die Mosambiekse regering die Suid-Afrikaans-gebaseerde Dyck Advisory Group (DAG), 'n maatskappy wat private militêre dienste lewer, op 'n kontrakbasis by die konflik betrek. DAG het 'n beperkte lugkragvermoë en het 'n leemte gevul wat grootliks in die teeninsurgensie-operasies ontbreek het. DAG was veel meer suksesvol in die stryd teen Ansar al-Sunna as die Wagner-groep, maar in April 2021 het hulle kontrak verstryk (Demuynck en Weijenberg 2021).

Op 23 Junie 2021, ná maande se besprekings tussen politieke rolspelers in Suider-Afrika, is besluit om 'n multinasionale SAOG-bystandsmag, amptelik bekend as die SADC Mission in Mozambique (SAMIM), in Cabo Delgado te ontplooi met die doel om terrorisme en geweldpleging wat uit gewelddadige ekstremisme voortspruit, te beveg. Dit het gevolg op 'n SAOG-spitsberaad in April 2021 in Maputo waar aanbeveel is dat 'n mag van 3 000 soldate, bestaande uit land-, see- en vlootmagte, na Mosambiek gestuur moet word. Hierdie verwikkeling is in die streek en internasionaal verwelkom, omdat daar 'n besef was dat Ansar al-Sunna toenemend 'n sterker profiel aangeneem het en dat die oostelike streke van Suider-Afrika mettertyd gedestabiliseer kon word, asook dat die insurgente ideologiese bande met die Islamitiese Staat in Sirië en Irak (ISIS of IS) gehad het wat gevaarligte laat flikker het (Demuynck en Weijenberg 2021).

Met die skrywe hiervan (Mei 2022) was daar egter nog geen sterk aanduiding dat die militêre betrokkenheid van die SAOG daarin geslaag het om die insurgensie stop te sit nie, ofskoon die SOAG in 'n verklaring tydens 'n buitengewone spitsberaad van die staatshoofde in Januarie 2022 van “goeie vordering” melding gemaak het (SAOG 2022). Trouens, reeds 'n geruime tyd voor die ontplooiing van SAMIM het Gilbert Khadiagala, 'n kenner op die gebied van internasionale politiek aan die Universiteit van die Witwatersrand, ernstige voorbehoude uitgespreek oor die suksesvolle ontplooiing van 'n multinasionale SAOG-mag na Cabo Delgado. Sy voorbehoude was veral op die onderstaande gegrond:

- Die SAOG het nie 'n geskiedenis van suksesvolle militêre ingryping nie.
- Militêre magte in teeninsurgensie-operasies beskik dikwels nie oor die nodige kennis van en inligting oor wat die belangrikste dryfvere van konflikte is nie.
- Dit is uiters moeilik om die taktiek van insurgente om staatsinstellings aan te val en burgerlikes om die lewe te bring suksesvol te beveg.
- Die SAOG beskik kwalik oor die nodige militêre hulpbronne om by die gewelddadige konflik in Cabo Delgado betrokke te raak (Khadiagala 2021).

Teen die agtergrond van bostaande fokus hierdie artikel op veral vier kwessies. Eerstens word die teoretiese aspekte van teeninsurgensie-operasies onder die loep geneem. Tweedens word die situasie in Cabo Delgado en faktore wat die konflik laat ontbrand het en steeds aanvuur, ontleed. Derdens val die fokus op die pogings van die Mosambiekse regering om die insurgensie in Cabo Delgado sedert 2017 die hoof te bied, in die besonder die kontraktering van buitelandse paramilitêre rolspelers. Laastens word SAMIM en dit wat die SAOG deur multinasionale betrokkenheid in Mosambiek probeer uitrig, asook die rol van die Rwandese weermag in Cabo Delgado, bestudeer. Die ontleding is kwalitatief van aard en word aan die

hand van beskikbare literatuur gedoen. Vanweë die eietydse en aktuele aard word veral goeie beskikbare internetbronne ontleed, aangevul deur inligting van 'n Suid-Afrikaanse risiko-ontledingsmaatskappy wat die situasie in Mosambiek noukeurig volg. Die doel van dié artikel is uiteindelik om aan te dui of die SAOG-magte, die Rwandese veiligheidsmagte en die Mosambiekse regering in Maputo wel besig is om vordering te maak in hulle pogings om 'n einde te probeer maak aan die grootskaalse geweld wat deur Ansar al-Sunna in Cabo Delgado gepleeg word en derhalwe stelselmatig 'n suksesvolle teeninsurgensie-operasie uit te voer.

2. Konseptuele opheldering: insurgensie en teeninsurgensie

Voordat aandag geskenk word aan die insurgensie en verbandhoudende konflikdinamika in die noorde van Mosambiek, moet daar eers duidelikheid verkry word oor twee begrippe, naamlik *insurgensie* en *teeninsurgensie*.

Volgens Gossman (2010:31) is *insurgensie* 'n begrip waarvoor dikwels gedebatteer word. In 'n breë sin kom dit neer op 'n poging om 'n staat of regering deur middel van geweld omver te werp met behulp van onkonvensionele wyses van oorlogvoering. Dit gaan gepaard met guerrillataktiek en/of stedelike oproer of rebellie. Hinderlae, strooptogte, sabotasie en terreur is tipiese strydmetodes.

Terwyl bevelvoering in konvensionele oorlogvoering by sentrale strukture berus, en tegnologie en swaar vuurkrag betrokke is om beheer oor gesag en grondgebied te vestig of te behou, is dit anders gesteld by insurgensies. Die insurgente hoef nie die geveg te wen nie; hulle moet bloot langer en beter uithou as die vyand en daardeur die vyand se politieke wil en vermoë om aan te hou veg, afbreek. Uiteindelik kan hulle dan op oorwinning aanspraak maak, al kom dit nie neer op 'n duidelike oorwinning of neerlaag nie (Gossman 2010:31–3).

Vreÿ (2010:47) beskryf insurgensie as 'n baie spesifieke vorm van oorlog wat saamhang met die aanwending van 'n eiesoortige taktiek en wat enersyds kan aansluit by 'n oorhoofse strategie of andersyds 'n fase in 'n breër veldtog kan uitmaak. Dit val ook in die kategorie van wat die strategiese denker Colin Gray (en andere) in die literatuur as “klein oorloë” tipeer (Gray 2012:55). So gesien, behels insurgensie gewapende bedreigings wat talle weermagte oor die wêreld heen aktief besig hou met teeninsurgensie-operasies. Vreÿ (2010:47) wys ook tereg daarop dat dit baie moeilik is om 'n algemene teoretiese perspektief te probeer formuleer met die doel om insurgensie beter te verstaan en teeninsurgensie eweneens goed te begryp. Wat akademië en praktisyns doen, is om die verskynsel van oorlog bloot op 'n wyer grondslag te bestudeer ten einde allerlei vorme van gewapende konflik behalwe konvensionele oorlogvoering in te sluit en terselfdertyd ander spesifieke vorme van konflik daarvan te onderskei.

Wat hierdie artikel betref, word volstaan met die definisie van Metz en Millen (2004:2) wat aanvoer dat insurgensie 'n strategie is van bewegings wat nie noodwendig in staat is om hulle politieke doelwitte deur 'n magsoorname te bereik nie, aangesien hulle te swak is. Insurgensie word gekenmerk deur 'n uitgerekte, asimmetriese konflik, die aanwending van komplekse gevegsterreine (beboste areas, berge, stedelike gebiede), sielkundige oorlogvoering en politieke mobilisering – alles gemik op die beskerming van die insurgente met die doel om uiteindelik die magsbalans in hulle guns te swaai. Die insurgente kan moontlik probeer om die bestaande regering op 'n revolusionêre wyse te vervang, of hulle kan meer beperkte doelwitte nastreef,

soos afskeiding, outonomie of 'n verandering in beleid. Hulle vermy landskappe waar hulle swak en kwesbaar is, asook vorme van konvensionele oorlogvoering, en fokus op terreine waar hulle op 'n meer gelyke voet kan meeding en politieke en sielkundige voordeel uit die situasie kan trek.

Hierdie soort konflikte kom sedert die beëindiging van die Koue Oorlog baie algemeen in Afrika voor. Die oorlog tussen Ethiopië en Eritrea vanaf 1991 was inderwaarheid 'n uitsondering, met 'n legio insurgensies wat oral op die vasteland gemanifesteer het (Vreÿ 2010:47). Volgens Metz en Millen (2004:2) kan daar onderskei word tussen nasionale insurgensies en bevrydingsinsurgensies. In albei gevalle is uitgerekte gewapende konflik wat jare en selfs dekades kan duur, 'n gemeenskaplike kenmerk. Eersgenoemde is gebaseer op verskille tussen regerings en insurgente met betrekking tot klas, ideologie, identiteit (etnisiteit, ras en godsdiens) of een of ander politieke faktor. Laasgenoemde het te make met 'n reaksie teen 'n regerende groep waar daar 'n vorm van eksterne besetting is wat saamhang met faktore soos ras, etnisiteit of kultuur. Hieruit kan afgelei word dat die 20ste-eeuse geskiedenis van Afrika tydens die koloniale stryd talle bevrydingsinsurgensies beleef het wat mettertyd toenemend plek gemaak het vir nasionale insurgensies.

Die vraag is: Wat behels 'n geslaagde teeninsurgensie-operasie? Voordat dié vraag bespreek word, moet daar gemeld word dat teeninsurgensie neerkom op aksie deur regeringsmagte of ten minste bondgenote van die regering wat probeer om die insurgensie teen te werk of te elimineer. Sedert die dae van Soen Tsoe tot die Romeinse oorloë en tot die koloniale oorloë van die 19de en 20ste eeue was teeninsurgensie-operasies altyd moeilike en uitdagende operasies – ondanks goeie opleiding, hoë grade van gedissiplineerdheid of hulpbronne waarvoor regeringsmagte moontlik beskik het (Gossman 2010:31–3).

Teeninsurgensieteorie behels dat teeninsurgensiemagte oor duidelike riglyne vir aksie moet beskik. Uit die werk van Robert Thompson wat gespruit het uit die suksesvolle Britse veldtog in Maleisië (1948–1960), is veral vyf basiese teoretiese beginsels uitgelig vir geslaagde operasies wat alles neerkom op gekombineerde politieke en militêre aksie (kyk Mumford 2010). Hierdie beginsels word steeds op teeninsurgensie-operasies van toepassing gemaak en behels die volgende:

- Die regering moet 'n duidelike politieke doelwit nastreef om die insurgente te verslaan.
- Die regeringsmagte moet binne die reg optree.
- Die rolle en verantwoordelikhede van al die betrokke samewerkende deelnemers moet duidelik uitgespel en gekoördineer word.
- Daar moet prioriteit verleen word aan die uitkakeling van politieke ondermyning, eerder as om die guerrillas te probeer vernietig.
- Die regering en sy magte moet gesag oor sy eie grondgebied voer, steun onder die plaaslike bevolking geniet, en oor 'n basis beskik voordat enige aanvalle op die guerrillas gedoen word.

Wat laasgenoemde betref, is dit van sleutelbelang om deur die bevordering van politieke, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling die welwillendheid van die bevolking te wen. Dit is 'n politieke proses en die onderliggende gedagte is om die bevolking te skei van die insurgente se propaganda en infiltrasie, asook om na hulle ontwikkelingsbehoefte om te sien.

Dit verg gewoonlik dat regeringshervorming of -verandering plaasvind ten einde goeie regering te verseker, asook dat die persoonlike belange van regeringsfunksionarisse opsy geskuif word. Laasgenoemde is soms baie moeilik, en daarom is die proses om die harte en gedagtes van mense te wen dikwels een wat nie tereg kom nie (Gossman 2010:33–4).

Wat belangrik is ten opsigte van begrip van die konflik in Cabo Delgado, is dat hoewel Ansar al-Sunna sedert sy ontstaan gemotiveer is deur eksterne rolspelers, die beweging ook sterk gemotiveer is deur 'n historiese trajek van plaaslike griewe (Tresten 2021). Werkloosheid onder jeugdiges en wydverspreide armoede het radikaliserings in Cabo aangevuur tot die punt waar die insurgensie 'n ernstige nasionale veiligheidsbedreiging vir die Mosambiekse staat begin inhou het. En soos dikwels gebeur, het die leiers van die insurgensie griewe onder die plaaslike bevolking aangewend ten einde die bevolking te motiveer om teen hulle omstandighede in verset te kom, asook om hulle beweging wyer bekend te stel. In alles is djihadisme voorgedou as die enigste uitkoms om geregtigheid en gelykheid in Mosambiek na te streef (Tresten 2021). 'n Hoogaangeskrewe kenner van die konflik in Mosambiek, Eric Morier-Genoud, skryf die insurgensie in Mosambiek toe aan spesifieke historiese en maatskaplike dinamika. Wat dit betref, voer hy aan dat Ansar al-Sunna ontstaan het uit 'n gevoel van marginalisering wat die Mwani- etniese groep oor dekades heen ervaar het vanweë 'n gebrek aan ekonomiese ontwikkeling. Voorts was daar opbouende spanning in Cabo Delgado tussen Moslems. Dié spanning hou verband met 'n toenemende radikaliserings onder 'n deel van die Moslemwoners in die provinsie. In dié verband is Moslems wat met die sekulêre staat saamgewerk het, toenemend geopponeer deur djihadistiese Moslems wat hulle daarvoor beywer het om sodanige samewerking te beëindig, terwyl laasgenoemde hulle terselfdertyd ook as die oplossing vir die probleem van armoede in 'n streek met ryk gasbronne voorgedou het (Zenda 2021:21–2).

Teen hierdie agtergrond maak Baker en O'Neill (2010:7) dit duidelik dat geslaagde teeninsurgensie-operasies 'n omvattende benadering verg; 'n benadering wat 'n eenheid van poging en bevel behels en op die militêre, politieke, ekonomiese en maatskaplike dimensies van 'n konflik gerig is. 'n Teeninsurgensiestrategie moet gevolglik ook gebaseer word op die uitgangspunt dat operasies in dié verband uitdagend, duur en langdurig is, terwyl tyd vir die insurgent meer gunstig as vir die teeninsurgent is.

Laastens kan daarop gewys word dat daar na afloop van die Koue Oorlog 'n verskuiwing in die aard van teeninsurgensie-operasies in Afrikastate was met die toetrede van multinasionale organisasies, spesifiek met die doel om nasionale tekortkominge aan te vul. Dit het betrekking op multinasionale magte wat deur VN, die Afrika-Unie, streeksorganisasies soos die SAOG en selfs die Europese Unie in verskeie Afrikastate ontplooi is, waaronder tans Mosambiek.

3. Islamitiese ekstremisme en insurgensie in Cabo Delgado

Cabo Delgado is aan die ooskus van Mosambiek geleë en is ook die noordelikste provinsie van dié land, met 'n uitgestrekte kuslyn. Die geskiedenis en gemeenskapslewe is oor baie eeue heen deur die handelsnetwerke van Arabiese handelaars in die Indiese Oseaan geslyp. Hierdie handelsnetwerke kan teruggevoer word na die agtste eeu, en het gelei tot die verspreiding van Islam langs die ooskus van Afrika, ook bekend as die Swahilikus. Teen hierdie agtergrond het Islam en Arabiese waardestelsels oor baie jare 'n rol gespeel in die slyp van idees en

perspektiewe aan die ooskus van Afrika (Alden en Chichava 2020). Tans is Cabo Delgado 'n provinsie met min of meer 2,3 miljoen inwoners, en is dit 'n streek waar Moslems die meerderheid uitmaak, naamlik ongeveer 60%. In werklikheid maak Moslems slegs ongeveer 18% uit van Mosambiek se ongeveer 27 miljoen inwoners (US Embassy in Mozambique 2018; Zenda 2021), aangesien die meerderheid Mosambiekers Rooms-Katoliek is.

Cabo Delgado het tydens die gewapende stryd in Mosambiek teen koloniale oorheersing 'n belangrike rol gespeel en was in die 1960's 'n deel van die Frelimo se ruggraat in hulle stryd teen die Portugese. Tog het bevryding en onafhanklikwording vanaf 1975 nie enige positiewe ekonomiese gevolge vir Cabo Delgado meegebring nie. Trouens, groei in Mosambiek se per kapita-inkomste en beleggings wat in die land gemaak is, was grootliks beperk tot Maputo en omstreke in die suidelike deel van die land. Dit is 'n belangrike stuk agtergrond om die ontstaan en groei van Ansar al-Sunna te verstaan, en die gevolge daarvan sal verder in die bespreking hier onder belig word. Verder hou Ansar al-Sunna se ontstaan ook verband met die sluipmoord op die radikale Keniaanse godsdiensteier Aboud Rogo Mohammed op 27 Augustus 2012 in Kenia nadat hy daarvan beskuldig is dat hy befondsing gereël het vir die Oos-Afrikaanse ekstremistiese beweging al-Sjabaab. Dit het tot opstande in Mombasa, Kenia aanleiding gegee wat etlike dae geduur het en die ontstaan aangevuur van Ansar al-Sunna as 'n godsdienstige sekte wat uiteindelik in 'n guerrillabeweging omvorm is – baie soos Boko Haram in Nigerië en naburige state (Alden en Chichava 2020).

Ansar al-Sunna het egter eers later, in Oktober 2017, op die voorgrond getree met aanvalle op drie polisiestasies in Mocímboa da Praia, 'n kusedorp in die noordelike deel (Mackinnon 2020). Van 2018 af het aanvalle meer gewelddadig en willekeurig op 'n verskeidenheid teikens voorgekom, tesame met onthoofdings, aanvalle op nedersettings en ontvoering van vrouens en kinders. Uiteindelik het aanvalle ook voorgekom op 'n konvooi waar werkers en goedere van Anadarko, 'n voormalige Amerikaanse olie-en-gas-maatskappy wat destyds in Mosambiek werksaam was, vervoer is. Dit het gelei tot 'n tydelike staking van Anadarko se bedrywighede in die ontginning van natuurlike gas in die noordelike dele. Ná 'n tydperk van relatiewe kalmte was daar in April 2020 weer 'n aanval op Mocímboa da Praia, waarna daar uit insurgensiegeledere aangekondig is dat Ansar al-Sunna gekom het om te bly en dat hulle die vestiging van 'n Sjaria-gebaseerde administrasie in die vooruitsig stel, dit wil sê 'n administrasie wat ingevolge Islamitiese reg funksioneer (Casola en Iocchi 2020). Na aanleiding hiervan het Jasmin Opperman, 'n Suid-Afrikaanse kenner op die gebied van terrorisme, die insurgente wat die aanval op Mocímboa da Praia uitgevoer het, beskryf as die grootste saamtrek van insurgente in Mosambiek tot nog toe (Mackinnon 2020). Hierdie aanvalle het uitgespeel te midde van toenemend hoë vlakke van onstabiliteit en ontworteling van plaaslike gemeenskappe met baie negatiewe gevolge vir die ontwikkeling van landbou-aktiwiteite en wat tot die ontwrigting daarvan gelei het (Pirio, Pittelli en Adam 2019).

Aanvanklik was die doel van Ansar al-Sunna om Sjaria-wetgewing in Cabo Delgado te vestig, en daarmee saam het die beweging Mosambiek se opvoedkundige, gesondheids- en regstelsel verwerp (Global Initiative Against Transnational Organized Crime 2020; Mutasa en Muchemwa 2021). Die beweging het aangevoer dat die Moslem-gemeenskappe in Mocímboa da Praia nie ware volgelingen van die profeet Mohammed is nie en hulle dit gevolglik ten doel gestel om 'n godsdienstige identiteit aan te neem wat Ansar al-Sunna sou onderskei van die plaaslike gemeenskappe en 'n afgewaterde beoefening van Islam (Habibe, Forquilha en Pereira 2019:10–1). Die verwerping van regeringsinstellings soos hier bo gemeld het Ansar al-Sunna egter met die Mosambiekse regering in konflik gebring. Aanvanklik was waarnemers van mening dat die

beweging deur gierigheid gemotiveer word, aangesien lede van die beweging na bewering betrokke geraak het by allerlei kriminele aktiwiteite wat hoë opbrengste lewer, waaronder onwettige mynbedrywighede, onwettige houtkappery, wildstropery en smokkelary (Global Initiative Against Transnational Organized Crime 2020; Mutasa en Muchemwa 2021). Onlangse navorsing dui egter daarop dat kriminele aktiwiteite, waaronder ontvoerings, nie ’n hoofbron van inkomste vir die beweging is nie, maar eerder ondersteuning van plaaslike besigheidslui, asook kontant en goedere waarop beslag gelê is tydens plundertogte (Global Initiative Against Transnational Organized Crime 2022:5). Dit moet gesien word teen die agtergrond van die feit dat baie ondersteuners van Ansar al-Sunna jeugdige is wat sosio-ekonomies gemarginaliseer is en dit ook so ervaar – jongmense met groot opvoedkundige gebreke en wat sonder formele werksgeleenthede is. Dit is belangrike faktore wat radikaliserings bevorder en jong Mosambiekers in Cabo Delgado gemotiveer het om by Ansar al-Sunna aan te sluit (Matsinhe en Valoi 2019:13). Die beweging is verder versterk deur jeugdige immigrante uit naasliggende lande wat eweneens in ’n gemarginaliseerde posisie verkeer, en so kon die beweging ’n ondersteuningsbasis opbou wat uiteindelik in tientalle klein selle georganiseer is en in Cabo Delgado versprei het (Morier-Genoud 2017).

’n Belangrike punt van kommer is dat die insurgensie in die noorde van Mosambiek die eerste in sy soort in Suider-Afrika is waar daar ’n militante beweging is wat losweg met ISIS vereenselwig word (Aljazeera 2020) en wat derhalwe verband hou met wat as ’n djihadistiese insurgensie beskryf word (Fabricius 2020a). Hierdie verband tussen Ansar al-Sunna en ISIS – ofskoon die bande meer sentimenteel as formeel is – is die eerste keer opgemerk toe eersgenoemde die ISIS-vlag in dorpe en gebiede gehys het waar die beweging die oorhand oor die bestaande gesagstrukture gekry het (Craig 2020). Wat in ’n groter verband ook van belang is, is dat Moslem-ekstremisme tot ’n tyd gelede tot Tanzanië en Zanzibar beperk was. In ’n inligtingsessie in Augustus 2020 het generaal-majoor Dagvin RM Anderson, hoof van die Amerikaanse weermag se spesiale operasies in Afrika, ’n duidelike verband tussen ISIS en Ansar al-Sunna gelê en baie duidelik uitgespel dat ISIS daarin geslaag het om in die geval van Mosambiek diep in Suider-Afrika in te dring. Hy het sy perspektief op Ansar al-Sunna soos volg geformuleer:

[W]e have seen them over the last 12 to 18 months develop in their capabilities, become more aggressive, and use techniques and procedures that are common in other parts of the world – in the Middle East – that are associated with the Islamic state (soos aangehaal deur Mackinnon 2020).

Dit is moeilik om die dodetal en menslike ontworteling in Cabo Delgado te kwantifiseer, maar uit verslae kan afgelei word dat daar tussen 2017 en die einde van 2020 ongeveer 1 500 mense dood is (Buchanan-Clark 2020), terwyl tot soveel as twee miljoen ontwortel of negatief deur die geweldpleging geraak is (ReliefWeb 2020).

Wat sedert 2017 in Mosambiek afspeel, moet beoordeel word teen die agtergrond van die feit dat konflik wat verband hou met Moslem-ekstremisme in ’n wêreldwye verband toegeneem het. Dit is voorts veral belangrik om te meld dat ISIS wêreldwyd ’n belangrike faktor in konflikstudie geraak het. Teen dié breë internasionale agtergrond wys navorsing duidelik op uitkringende bedreigings en dat ISIS daarin geslaag het om in sy voetspoor in verskeie wêrelddele te laat, waaronder die vasteland van Afrika en ook spesifiek Mosambiek met Ansar al-Sunna se oorname van Mocímboa da Praia in 2020. Trouens, met die oorname van laasgenoemde het die Sentraal-Afrikaanse “provinsie” (afdeling) van ISIS onmiddellik

erkenning vir die gebeure geëis en dit ook in hulle nastrewing van die vestiging van 'n kalifaat as 'n nuwe buitepos verklaar (Institute for Economics and Peace 2020:2, 5).

Dit moet egter ook gemeld word dat die verbintenis tussen ISIS en Ansar al-Sunna nie glashelder is nie, en betroubare inligting is beperk en selfs skraps. Daar is ook geen aanduiding dat Ansar al-Sunna regstreeks in opdrag van ISIS optree nie, en dit lyk trouens asof eersgenoemde sy eie strategiese en operasionele besluite neem, ofskoon die rol van buitelandse vegters in Ansar al-Sunna nie buite rekening gelaat kan word nie (Institute for Economics and Peace 2020:17). Janse van Vuuren (2020:2) voer aan dat Ansar al-Sunna se huidige operasies in Mosambiek as 'n mikrokosmos van ISIS-operasies in ander dele van Afrika maar ook wêreldwyd beskou kan word. Dit is operasies wat hoofsaaklik op die platteland gevoer word en gekenmerk word deur die aanwending van mag, geweld en intimidasie van die bevolking met 'n gepaardgaande ontworteling van groot dele van die plattelandse bevolking. Ontworteling word dan aangewend om nuwe lede te werf. Daar word ook van redelik gesofistikeerde wapenstelsels gebruik gemaak, waaronder wapens van groot kaliber en hommeltuie, asook kleinerige operasies met seevaartuie aan die kus.

Laastens moet ook duidelik gemaak word dat Ansar al-Sunna hom vir 'n Islamitiese kalifaat in Cabo Delgado beywer (Hall 2020). In dié opsig toon die beweging ooreenkomste met Boko Haram in die noordoostelike dele van Nigerië, waar die beweging aanvanklik nie 'n politieke beweging was nie. Boko Haram het bloot 'n bedeling nagestreef waar daar wegbeweeg kon word van 'n sekulêre gemeenskap en het jongmense na 'n Islamitiese skool in Maiduguri probeer trek. Daar het egter konflik tussen Boko Haram en die Nigeriese regering ontstaan en uiteindelik het dit daartoe gelei dat eersgenoemde hom die omverwerping van die Nigeriese regering en die vestiging van 'n Islamitiese kalifaat ten doel gestel het (Mapping Militant Organizations 2018).

Volgens Janse van Vuuren (2020:2) moet Ansar al-Sunna in 'n breë verband beoordeel word teen die agtergrond van ISIS se groot doelwit om 'n kalifaat daar te stel. In Afrika is ISIS besig om momentum op te bou, en die beweging is daarop ingestel om gebiedsuitbreiding en werwing aktief na te streef. Dit blyk ook dat ISIS oor die jare bepaalde lesse geleer het en besef het dat daar in Irak en Sirië beperkinge is om welslae te behaal, en daarom het die fokus verskuif na plekke in Afrika wat van minder politieke en geostrategiese belang is. Mosambiek was vir lank 'n land wat vir die groot moondhede veel minder politieke en geostrategiese belang ingehou het as gebiede in die Midde-Ooste waar ISIS die afgelope jare aktief was, maar sedert die ontdekking van natuurlike gas in die see langs die Mosambiekse kuslyn het die prentjie verander.

4. Onveiligheid en buitelandse militêre betrokkenheid

Soos genoem, het Ansar al-Sunna in Maart 2020 vir die eerste keer polisie en weermag-instellings aangeval. Dit was 'n verandering in taktiek wat daarop toegespits was om burgerlikes te terroriseer. In 'n ander verandering van taktiek het die beweging begin om voedsel na plaaslike gemeenskappe te versprei, wat skynbaar tot 'n meer positiewe houding jeens die insurgente gelei het. Dit moet beskou word teen die agtergrond van 'n groeiende verwerping van die ontginning van natuurlike gas aan die kus deur reuse- multinasionale energiemaatskappye (Hall 2020) wat ingevolge ooreenkomste met die Mosambiekse regering

betrokke geraak het by ontwikkelings met die oog op die ontginning van natuurlike gas aan die kus van Cabo Delgado.

Dit is gevolg deur hardhandige optrede deur die Mosambiekse veiligheidsmagte teen die insurgente wat grootliks ooreenstem met hardhandige veiligheidsopptrede wat ook elders in Afrika waargeneem is, waaronder Somalië, die Tjadmeer-kom, die Sahel en die Magreb. In Mosambiek het die eskalerende aanvalle en die hardhandige optrede van die veiligheidsmagte wantroue onder die plaaslike bevolking laat toeneem (Pirio, Pittelli en Adam 2019). Die optrede van die Mosambiekse veiligheidsmagte – wat in daardie stadium hoofsaaklik uit spesiale polisieledede bestaan het en waarin die Spesiale Operasies-groep sentraal was – was egter te swak om die ekstremiste te verhoed om die strategiese noordelike dorp Mocímboa de Praia, asook ’n dorpie in die Quissanga-distrik in te neem (Fabricius 2020a). Daarby het die Mosambiekse regering die erns van die situasie ontken omdat hulle skynbaar die aandag van die lae moreel en swak voorbereiding van die veiligheidsmagte wou aflei. Daar was selfs probleme met afvallige soldate en van wapens van veiligheidsmagte wat aan Ansar al-Sunna verkoop is (Israel 2020).

Ingeligte waarnemers van die konflik, soos Salvador Forquilha, direkteur van die Institute for Social and Economic Studies in Maputo, voer aan dat die Mosambiekse regering die veiligheidsbedreiging van die insurgensie sedert die aanvang van die konflik onderskat het – terwyl ’n ooglopende bedreiging met streeksimplikasies duidelik was. Trouens, vir ’n tyd lank het die regering in Maputo na die dinamika in Cabo Delgado as ’n buitelandse komplot verwys en die plaaslike faktore wat die konflik veroorsaak het, misken. Dié toedrag van sake is bevestig in ’n toespraak van president Filipe Nyusi van Mosambiek in Oktober 2020 toe hy gesê het dat Mosambiek aangeval word deur buitelandse magte wat weerlose burgerlikes en sosiale instellings teiken (Kajjo en Vilanculos 2020). In ’n ander geval is die insurgensie beskryf as bandietery (Zenda 2021:22). Soos reeds aangetoon, het navorsing egter bevind dat die konflik gemotiveer en aangevuur is deur wydlopende werkloosheid oor die Cabo Delgado-provinsie heen, wat vererger is deur die vernietigende uitwerking van natuurrampe (siklone en vloede) wat dele van Mosambiek swaar getref het (Alden en Chichava 2020). Daar is gehoop dat die ontginning van edelgesteentes en gasbronne langs die kus sou help met armoedeverligting onder die plaaslike bewoners, maar daarvan het niks gekom nie. Dit was veel eerder ’n geval van blywende armoede en bloedvergieting deur die Islamitiese militantes, maar waaraan selfs die veiligheidsmagte aandadig was, en sedert 2017 is Cabo Delgado grootliks onregeerbaar (Alden en Chichava 2020).

Wat die Mosambiekse veiligheidsmagte betref, is daar geensins daarin geslaag om enige beskerming aan die plaaslike bevolking te verleen nie en uit verslae het dit trouens geblyk dat die veiligheidsmagte verantwoordelik was vir ernstige skendings van menseregte in Cabo Delgado (Schlein 2020). Zenda (2021:22) voer selfs aan dat navorsing in Cabo Delgado daarop dui dat die plaaslike bevolking die veiligheidsmagte meer gevrees het as die insurgente. Ondertussen het die veiligheidsmagte ook probleme ondervind. Hulle het bloot nie die mas opgekom het nie, aangesien hulle sêlf mank gegaan het aan verwaarlosing deur die Mosambiekse regering, wat in sommige gevalle daartoe gelei het dat van die veiligheidsmagte hulle griewe met die insurgente gedeel het. Dit het veral gehandel oor probleme met ondervergoeding en gebrekkige logistieke ondersteuning. Hierbenewens was daar ook gevalle waar die plaaslike bevolking teenoor navorsers gekla het dat die veiligheidsmagte goedere en geld van hulle gesteel het. ’n Ander knelpunt wat in die afgelope jare groot uitdagings aan die veiligheidsmagte gebied het, hou verband met ooreenkomste tussen die regerende Frelimo en dié se jare

lange politieke vyand en vernaamste opposisieparty, Renamo, spesifiek met betrekking tot die integrasie van guerrillavegters van Renamo in die veiligheidsmagte. Die integrasiepogings was nie slegs stadig nie, maar het ook mank gegaan aan befondsingsprobleme, en dit alles het tot onstabiliteit in die veiligheidsmagte bygedra (Bertelsmann Stiftung 2022:33; Human Rights Watch 2016).

Teen dié agtergrond het die Mosambiekse regering waarskynlik genoop gevoel om aanbiedings vanuit die buiteland te oorweeg en te aanvaar, waaronder buitelandse militêre-opleidingshulp uit die VSA, die Europese Unie en Portugal (as voormalige koloniale moederland) (Martin 2021). Hierbenewens het die Mosambiekse regering die hulp van die private Russiese paramilitêre Wagner-groep ingeroep om in September 2019 in Cabo Delgado te ontplooi ter ondersteuning van die Mosambiekse veiligheidsmagte (Fabricius 2020b). Ongeveer 200 lede van die Wagner-groep is ontplooi (Zenda 2021:23). Die ontplooiing van die Wagner-groep het egter geen verbetering in die situasie teweeggebring nie en verslae het eerder daarop gedui dat elf Russe, van wie sommige onthoof is, in die konflik met die insurgente omgekom het (Fabricius 2020b). Dit het daartoe gelei dat die Wagner-groep aan operasies in Mosambiek onttrek het.

Dit het egter nie 'n einde aan buitelandse betrokkenheid by die konflik in Cabo Delgado gebring nie. Die prominentste buitelandse rolspeler wat daarna betrokke geraak het, was die Suid-Afrikaans-gebaseerde Dyck Advisory Group (DAG). DAG word besit deur 'n afgetrede kolonel van die Zimbabwiese weermag, Lionel Dyck, en het die Mosambiekse regering veral met opleiding en lugsteun bygestaan. In die geval van laasgenoemde het DAG vyf helikopters ontplooi, maar sonder om werklik welslae teen die insurgente te behaal deur hulle te verdryf of die aftog te laat blaas.

DAG het 'n landskap betree wat volgens Dyck besaai was met gruweldade van allerlei aard – meer as enigiets wat hy tevore aanskou het. Dit het gewissel van verminkings tot kannibalisme en daarby was die insurgente volgens hom goed georganiseer, gemotiveer en goed toegerus (Zenda 2021:23). Trouens, DAG het voor groot uitdagings te staan gekom toe 'n Gazelle-helikopter in sy besit deur kleingeweervuur getref en daarna 'n Bat Hawk-mikrovliegtuig afgeskiet is. Hierbenewens was daar ook openbare beskuldigings dat gevegshelikopters van DAG hulle skuldig gemaak het aan burgerlike ongevalle, wat saamgehang het met media-berigte dat DAG-helikopters na enigiets geskiet het wat op die grond beweeg. Daar was selfs bewerings dat DAG verkeerdelik 'n vissersboot naby die toeriste-eiland Ibo laat sink het wat tot die dood van 14 onskuldige mense gelei het (Israel 2020).

Nóg die militêre pogings van die Mosambiekse regering, nóg die hulp van buitelandse magte het aanvalle van Ansar al-Sunna tot 'n einde gebring (Campbell 2020). Die situasie het inderwaarheid vererger, en in November 2020 het verslae die ronde gedoen dat dosyne Mosambiekers in die noordelike dele onthoof is. Dit het die VN se Hoë Kommissaris vir Menseregte, Michelle Bachelet, genoop om 'n oproep te rig dat burgerlikes in die noordelike dele beskerming nodig het in 'n situasie wat bestempel is as toenemend gevaarlik en chaoties. Daar was ook 'n regstreekse vingerwysing na die Mosambiekse regering wat beskuldig is van doodslag en swak behandeling van mense, oordrewe gebruik van mag en arbitrêre opsluiting (ook van joernaliste) asook onwettige beperkings op openbare vryheid van beweging (Schlein 2020). Nadat Amnestie Internasionaal DAG ook by menseregteskendings betrek het, is daar op 31 Maart 2021 bekendgemaak dat die maatskappy se kontrak met die Mosambiekse regering nie verleng is nie (Zenda 2021:23).

Inmiddels was daar ook gesprekke tussen die Mosambiekse regering en die Europese Unie om die Mosambiekse weermag met opleiding by te staan (Reuters 2020). In Maart 2021 het die VSA eweneens betrokke geraak toe spesiale magte van die Amerikaanse weermag na Mosambiek gestuur is om hulp met opleiding te verskaf. Op politieke vlak het die Amerikaanse Sekretaris van Verdediging, Anthony Blinken, Bonomade Machude Omar, die leier van wat deur Amerikaanse veiligheidsrolspelers as ISIS-Mosambiek geklassifiseer is, as 'n globale terroris verklaar nadat hy 'n aanval op die Amarula Hotel in Palma gelei het. Hierdie aanval het Total Energies – die grootste belegger in Mosambiek se natuurlikegasontginning – se bedrywighede tot stilstand gebring (Da Cruz 2022).

In dié verband moet voorts gemeld word dat selfs Total Energies inderwaarheid bygedra tot die betrokkenheid van buitelandse veiligheidsfunksionarisse in Cabo Delgado deur sy eie veiligheidsmagte van buite in te bring. Hoogs opgeleide veiligheidspersoneel is gekontrakteer, waaronder veral voormalige lede van die Franse Vreemde Legioen (Bowker 2020). Uiteindelik het Total Energies in April 2021 sy bedrywighede in Cabo Delgado tydelik opgeskort nadat die insurgente met gewapende geweld voortgegaan het en Palma naby Total Energies se Afungi-gasaanleg aangeval het. Dit alles kom daarop neer dat die buitelandse magte onsuksesvol was om die insurgente onder bedwang te bring en dat die teeninsurgensiepogings nie daarin kon slaag om die situasie in Cabo Delgado om te keer nie.

As 'n laaste perspektief op sake moet hier vermeld word dat die private buitelandse paramilitêre magte wat by die konflik in Cabo Delgado betrek is, vir die Mosambiekse regering groot uitgawes meegebring het. Volgens Zenda (2019:22) moes Maputo maandeliks \$25 000 vir elke kontrakteur op die grond opdok, asook verdere uitgawes vir toerusting en ander logistieke oorwegings aangaan. Dit alles het die agteruitgang en gebrekkige befondsing van die Mosambiekse veiligheidsmagte onder die soeklig geplaas en oproepe vir modernisering laat opklink. Wat die insurgensie betref, is 'n ander belangrike punt weer eens na vore gebring, naamlik dat die oplossing vir die konflik in Cabo Delgado nie suiwer militêr van aard kan wees nie en dat buitelandse paramilitêre magte daarom nie 'n medium- of langtermynoplossing kan bied nie. Daar moet ook 'n niemilitêre benadering gevolg word, aangesien dit in werklikheid onmoontlik is om 'n insurgensie die hoof te bied indien griewe en frustrasie onder die plaaslike bevolking met betrekking tot armoede en ongelukheid nie ook die nodige aandag kry nie. Dit is veral van toepassing op jeugdiges wat hulle tot ekstremisme wend vanweë 'n gebrek aan ontwikkelingsgeleenthede (Zenda 2021:23). Juis dít is deur navorsers as die kern van die probleem in Cabo Delgado uitgewys. In dié verband voer Matsinhe en Valoi (2019:2) aan dat Cabo Delgado vrugbare teelaarde vir radikaliserings is met hoë werkloosheid, lae geleerdheidsvlakke en weinig indien enige dienslewering in die provinsie. Daarby is die gevoel onder jeugdiges dat werksgeleenthede in die ryk gasontginningsbedryf vir werkers uit Maputo bestem is. In dié verband doen Matsinhe en Valoi (2019:2) aan die hand dat oplossings gesoek moet word in 'n koppeling van die ekonomie in die suide met dié van die noordelike dele deur die skep van die nodige infrastruktuur. Voorts moet onderwys en opvoeding onder jeugdige aandag geniet sodat daar uiteindelik 'n afname in 'n gevoel van marginalisering kan wees. Daar moet gekyk word na hoe die plaaslike bevolking aansluiting kan vind by die opbrengste wat spruit uit die ontginning van gas, en laastens moet daar in streeksverband deur die SAOG gekyk word na wyses waarop radikaliserings en ekstremisme bekamp kan word. Teen hierdie agtergrond word die ontplooiing van SAMIM in Cabo Delgado vervolgens onder die loep geneem.

5. Toetrede van die SAOG en Rwanda

'n Nuwe hoofstuk is ingelui met die toetrede van SAMIM tot die konflik in Cabo Delgado. Dit was 'n uitvloeisel van 'n buitengewone spitsberaad van die staat- en regeringshoofde van die SAOG op 23 Junie 2021. Tydens die beraad is besluit om 'n SAOG-bystandsmag na Mosambiek te stuur, waaraan daar kort daarna uitvoering gegee is (Deleglise 2021). Die doel was om die Mosambiekse regering te ondersteun in sy pogings om terrorisme en dade van gewelddadige ekstremisme in Cabo Delgado te beveg (SAOG 2021). Dit was duidelik dat daar nie sprake was van 'n vredesteunoperasie soos wat tipies deur multinasionale interregeringsorganisasies in akute intrastaatlike konflikte ontplooi word nie, maar eerder 'n teeninsurgensiesending. Die befondsing sou kom van SAOG-lidlande, ofskoon daar ook versoeke aan die Afrika-unie (AU) en die VN gerig sou word vir hulp met befondsing (Deleglise 2021). Soldate van Angola, Botswana, Demokratiese Republiek van die Kongo, Lesotho, Malawi, Suid-Afrika, Tanzanië en Zambië is uiteindelik aan SAMIM beskikbaar gestel (Fabricius 2022). Uiteraard was die verwagting dat Suid-Afrika in terme van personeel en befondsing verreweg en disproportioneel die grootste bydrae moes lewer.

Ondertussen het goeie verhoudinge tussen die onderskeie staatshoofde van Mosambiek en Rwanda, president Filipe Nyusi en president Paul Kagame, ook gelei tot 'n ander belangrike ooreenkoms wat eweneens voorsiening gemaak het vir die ontplooiing van 'n buitelandse mag in Cabo Delgado, naamlik 'n mag van die Rwandese weermag. Trouens, die Rwandese mag is baie vinnig na afloop van die gesprekke tussen die twee staatshoofde in Julie 2021 ontplooi en die ontplooiing het selfs saamgeval met 'n besoek van Kagame aan die provinsiale hoofstad, Pemba (Aljazeera 2021). Wat dalk hier gemeld moet word, is dat daar 'n sterk politieke verbintenis tussen Rwanda en Frankryk bestaan en dat Total Energies 'n Franse maatskappy is en, soos gemeld, die grootste belegger in Mosambiek se natuurlike gasontginning is.

Die ontplooiing van die Rwandese magte was in verskeie opsigte belangrik. Ongeveer 1 000 Rwandese soldate is (aanvanklik) na Cabo Delgado gestuur, en volgens sommige waarnemers was dit 'n duidelike poging van Kagame om sy weermag internasionaal voor te hou as die mees bevoegde en bes-georganiseerde weermag in Afrika. Wat belangrik is, is dat dit 'n weermag is met baie ondervinding in internasionale vredesteunoperasies. Kort voor lank het die Rwandese weermag welslae behaal deur Mocímboa da Praia van die insurgente terug te wen, terwyl daar ook aanspraak gemaak is op die dood van 70 insurgente. Daar is verdere welslae behaal met die aankondiging dat 'n 50 km lange veiligheidsone geskep is om Total Energies se gasprojekte te beskerm, wat van kritieke belang is vir dié maatskappy se toekomstige betrokkenheid in Mosambiek (Cascias 2021).

Intussen was daar aansienlike internasionale fokus op die SAOG se besluit om by die Cabo Delgado-aangeleentheid betrokke te raak. Volgens Deleglise (2021) was daar veral vyf sake wat die SAOG en SAMIM as ernstige uitdagings in die oë gestaar het. Eerstens moes die sending na Mosambiek nie oormatige klem op veiligheid en militarisering plaas nie. Dit het beteken dat daar deeglik in ag geneem moes word dat korrupsie, sosio-ekonomiese griewe, gevoelens van marginalisering en historiese etnolinguïstiese konflikte belangrike faktore is wat almal 'n rol in die konflik in Cabo Delgado speel. Tweedens sou die ontplooiing 'n toets wees vir die militêre vermoë en operasionele gereedheid van die SAOG in soverre dit die ontplooiing van SAMIM betref. Die SAOG was reeds tevore by sulke operasies betrokke, soos dié in Lesotho, maar hierdie ontplooiing in Cabo Delgado was die eerste van sy soort, 'n militêre operasie wat teen insurgente gemik is. Derdens sou die SAOG die ontplooiing aanpak met min

ervaring van teeninsurgensie-operasies. Met dié operasie sou die SAOG hom ook begeef op die terrein van ander rolspelers in Afrika wat by soortgelyke operasies in Somalië, die Sahel en die Tjadmeer-kom betrokke geraak het. Vierdens sou die SAOG 'n streeksoplossing by 'n spesifieke konflik van toepassing moes maak. Die SAOG se operasionele begrippe, beleide en praktyke sou ook by die strategieë van die Mosambiekse regering aansluiting moes vind. Vyfdens sou die SAOG met sy betrokkenheid in Mosambiek sy visier moes stel op toekomstige teeninsurgensie-operasies wat toenemend eise aan multinasionale rolspelers stel, waaronder die betrokkenheid van burgerlike samelewings en leierskap op sowel die streeks- as die nasionale vlakke.

Na 'n aanvanklike optimisme op politieke vlak het waarnemers vanaf Januarie 2022 toenemend kritiese vrae begin vra oor die vermoë van die SAOG om 'n geslaagde teeninsurgensie-operasie in Cabo Delgado uit te voer. So byvoorbeeld het Fabricius (2022) berig dat militêre kundiges SAMIM vroeg reeds bestempel het as 'n mag wat nie naastenby oor die hulpbronne beskik wat nodig is vir 'n mag van dié aard nie. Daar was van meet af aan veral 'n tekort aan die nodige infanteriste om operasies te rugsteun, asook 'n gebrek aan lugsteun en die nodige logistiek. Sonder versterkings sou SAMIM nie daarin kon slaag om teeninsurgensie-operasies in Cabo Delgado suksesvol te onderneem nie. Alhoewel daar aanvanklik in die vooruitsig gestel is om 'n mag van 3 000 soldate te ontplooi, met inbegrip van infanteriste en spesiale magte asook verskeie helikopters wat met aanvals- en vervoertake kon help, is die nodige infanterie en aanvalshelikopters nie beskikbaar gestel nie. 'n Aanvalstuig van die Suid-Afrikaanse Vloot is na Cabo Delgado gestuur vir ondersteuning, maar moes vanweë meganiese probleme onttrek en dus het geen bydrae gerealiseer nie. Twee Oryx-helikopters van die Suid-Afrikaanse Lugmag wat vervoertake behartig het en trouens al die bydraende lidstate (Angola, Botswana, DRK, Lesotho, Malawi, Suid-Afrika, Tanzanië en Zambië) moes ondersteun, was duidelik oorwerk en albei is volgens berigte by geleentheid deur vyandelike vuurkrag getref.

Teen Januarie 2022 het SAMIM 11 ongevalle aangeteken, naamlik twee soldate wat in gevegte dood is, een wat hom doodgeval het uit 'n helikopter, een wat doodgery is, een wat dood is aan serebrale malaria en ses wat in gevegte met insurgente gewond is. Intussen het SAMIM daarop aanspraak gemaak dat meer insurgente deur SAMIM om die lewe gebring is as wat daar verliese aan hulle kant was, maar dit was vir waarnemers duidelik dat die Rwandese magte, wat 'n sterk mag ontplooi het, beter gevaar het as SAMIM in operasies teen die insurgente. Wat die Mosambiekse veiligheidsmagte betref, was daar aanduidings dat hulle nie slegs tekorte aan toerusting en ammunisie ervaar het nie, maar in sekere gevalle selfs tydens gevegte weggehardloop het (Fabricius 2022). Darren Olivier, 'n gerekende Suid-Afrikaanse militêre ontleder en direkteur van African Defence Review, 'n gesaghebbende internetgebaseerde dinktenk wat op verdedigingsake en konflikte in Afrika fokus, het sake soos volg opgesom, soos aangehaal deur Fabricius (2022): "The SADC mission in Mozambique is ridiculously under-resourced for the task it has been given, and if the mission is simply extended without a change to that then we should expect more casualties along with potential mission failures."

Op 12 Januarie 2022 het die SAOG andermaal 'n buitengewone spitsberaad van die staats- en regeringshoofde van die organisasie byeengebring waartydens daar besluit is om SAMIM se ontplooiing in Mosambiek te verleng. Die spitsberaad het lidstate geprys vir bydraes wat gelewer is ten opsigte van soldate, toerusting en finansiële ondersteuning, asook die sterk verbintenis tot vrede en veiligheid in die streek. Daar was ook 'n opmerklieke verwysing na goeie vordering wat gemaak is sedert die aanvanklike ontplooiing van SAMIM (SAOG 2022).

Op dieselfde tydstip dat die SAOG sy buitengewone spitsberaad van staats- en regeringshoofde byeengeroep het, is daar aangekondig dat Rwanda en Mosambiek 'n bilaterale ooreenkoms onderteken het wat voorsiening gemaak het vir 'n verlenging van Rwandese hulp aan Mosambiek in Cabo Delgado. Die ooreenkoms is dus aangegaan as losstaande van die SAOG se beplande militêre betrokkenheid in Mosambiek. Die ooreenkoms is in Kigali onderteken tussen die stafhoof van die Rwandese weermag, generaal J Bosco Kazura, en die stafhoof van die Mosambiekse weermag, admiraal Joaquim Mangrassa. Van verdere belang is dat die Rwandese weermag sy teenwoordigheid in Mosambiek mettertyd verdubbel het na meer as 2 000 soldate en polisie (Du Plessis 2022).

Anders as die SAOG se staats- en regeringshoofde het verskeie militêre kundiges egter ernstige bedenkinge uitgespreek oor die verloop van sake in Cabo Delgado en die vermoë van SAMIM om welslae te behaal. In 'n onderhoud met defenceWeb (2022) vroeg in 2022 het een van Suid-Afrika se voorste militêre ontleders, Helmoet-Römer Heitman, byvoorbeeld drie faktore uitgelig wat SAMIM voor reuse-uitdagings te staan gebring het. Eerstens was SAMIM se beskikbare militêre vermoë en personeel nie genoegsaam om al 17 distrikte van Cabo Delgado onder beheer te bring en dit veilig te hou nie. Die gebied is bloot te uitgestrek, en daarby het dit geblyk dat die insurgentegetalle in sommige gebiede tussen 1 500 en 2 000 sterk was. Tweedens is daar in die aanvanklike beplanning van SAMIM se ontplooiing voorsiening gemaak vir genoegsame spesiale magte op land en vlootelemente wat vanaf die kus sou ondersteun. Wat dit betref, moet die spesiale magte die insurgente opspoor en dan aan die reaksiemagte oorlaat, waaronder infanterie of valskermsoldate. In Cabo Delgado het dit egter nie gebeur nie, aangesien die spesiale magte nie die nodige ondersteuning ontvang het nie en die vlootelement nie gerealiseer het nie. Teen hierdie agtergrond het Heitman die SAMIM-operasies in Cabo Delgado beskryf as 'n situasie wat op niks uitloop nie. Trouens, die insurgente kon daarin slaag om hulle aktiwiteite na die weste van die land uit te brei en die moontlikheid was selfs daar om vanaf die kant van die Malawi-meer ondersteuning te ontvang. Sonder lugsteun van 'n aanvalshelikopter kon die insurgente ook suidwaarts beweeg en uitbrei (defenceWeb 2022). Wat dus na aanleiding van die bostaande met stelligheid aangevoer kan word, is dat SAMIM – ondanks die positiewe politieke uitspraak van die SAOG se staats- en regeringshoofde – ver te kort geskiet het wat betref die nodige personeel en uitrusting om Ansar al-Sunna die hoof te bied. Op militêre vlak was daar ooglopende gebreke. Nodeloos om te sê dat al die probleme in die provinsie op sosio-ekonomiese vlak onaangeraak was. Van welslae in 'n teeninsurgensieverband was daar weinig indien enige sprake. Wat hier as besonder problematies uitgelig kan word, is dat 'n oorwegend militêre benadering in die teeninsurgensie-operasies gevolg is en dat die sosio-ekonomiese knelpunte in Cabo Delgado nie die nodige aandag gekry het nie.

Die internasionale menseregte-organisasie Amnestie Internasionaal het egter 'n ietwat meer positiewe uitkyk op sake as wat hier bo vermeld is en wys daarop dat die insurgente uit hulle vestings verdryf is, ofskoon daar toegegee word dat die soldate op die grond van meet af aan te “uitgedun” was om werklik veiligheid in die streek te verseker. Hulle verslagdoening was soos volg, en as verskeie verslae bekyk word, lyk hulle taksering van sake in die kol:

But the insurgency is far from extinguished. Many fighters have simply blended into the civilian population, waiting for the right time to remobilise. Small groups continue to stage attacks in [the] central, coastal and northern parts of the province. The insurgency could thus easily rebound if foreign forces suddenly draw down [...] Insurgents are finding ways to adapt to the Rwandan-SADC military pressure, pushing

into next-door Niassa province and staging a few attacks in Tanzania. They are also trying to deploy more improvised explosive devices (IEDs) on the battlefield.

Van Amnestie Internasionaal se kant is daar tereg aan die hand gedoen dat die Mosambiekse regering meer moet doen om vrede deur weë en middele buite die militêre verband na te jaag ten einde die konflik in Cabo Delgado te probeer beëindig. Hierdie aspek van geslaagde teeninsurgensie-operasies kan nie genoeg benadruk word nie en kan uiteindelik die verskil tussen welslae en mislukking beteken. Dit is uiteraard iets wat teeninsurgensie-operasies baie uitdagend en duur maak, en sonder die mobilisering van hulpbronne kan daar nie welslae wees nie. Indien daar 'n lang tydsverloop is om hulpbronne te mobiliseer, sal dit ook in die hande van die insurgente speel.

Een moontlikheid volgens Amnestie Internasionaal (2022) is om die insurgente deur aansporings te probeer oorhaal om hulle selle te verlaat. Mosambiek se buurstate moet ook meer doen om die Mosambiekse regering so ver te kry om dialoog tussen plaaslike en nasionale politieke leiers of elites te laat plaasvind. Selfs dialoog met die insurgente moet as 'n doelwit nagestreef word. Daar moet veral meer gedoen word om Ansar al-Sunna se finansiële bronne uit die buiteland af te sny, veral aangesien elemente van Ansar al-Sunna begin het om na die westelike Niassa-provinsie en selfs Tanzanië te verskuif. Die rol van ISIS op die kontinent, veral in Oos-Afrika, moet ook in AU-verband aandag geniet en op dié wyse moet Ansar al-Sunna se ondersteuning en oorlewing sterker onder die soeklig geplaas word. Die gevoel is ook uitgespreek dat sowel SAMIM as die Rwandese magte bykomende finansiële steun moet kry.

Wat die situasie op die grond betref, kon die belangrikste lidstaat van SAMIM, Suid-Afrika, in April 2022 wel sy militêre teenwoordigheid van infanteriste en spesiale magte op die grond uitbrei, asook die ondersteuning van sowel sy lugmag as vloot tot die operasie toevoeg. Dit het selfs daartoe gelei dat die hoof van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, generaal Rudzani Maphwanya, op groot verliese aan die kant van die insurgente aanspraak gemaak het. Risiko-ontleders wat die situasie in die noorde van Mosambiek noukeurig volg, het egter bedenkinge uitgespreek of dié aanspraak met die werklikhede in Cabo Delgado strook (Rhula Intelligent Solutions 2022c). Trouens, 'n toename in insurgensie-aktiwiteite is selfs in Mei 2022 deur die betrokke risiko-ontleders gerapporteer, terwyl daar ook duidelik uitgespel is dat die insurgensie steeds 'n volgehoue en beduidende bedreiging vir vrede en stabiliteit ingehou het (Rhula Intelligent Solutions 2022b).

Die jongste beskikbare inligting van risiko-ontleders wat die situasie in die noorde van Mosambiek noukeurig volg, dui in kort daarop dat die gesamentlike veiligheidsmagte duidelik baie druk op insurgente uitoefen, met geslaagde operasies in veral die Macomia-distrik, maar nie sodanig dat dit die insurgensie hoegenaamd onderdruk of stuit nie. Inteendeel, aanvalle deur insurgente duur voort, met aanvalle wat gerapporteer is in die distrikte van Ancuabe, Macomia, Meluco, Mocímboa da Praia en Palma. Dit beteken dat burgerlike ongevalle, vernietiging van infrastruktuur en plundering steeds in Cabo Delgado voortduur (Rhula Intelligent Solutions 2022a).

6. Samevatting en slot

Uit die bostaande is dit duidelik dat hoewel Ansar al-Sunna deur eksterne rolspelers gemotiveer is, die beweging primêr deur griewe – wat veral met wydverspreide armoede te make het – aangevuur is. Laasgenoemde hou weer verband met opvoedkundige tekortkominge en gevolgtrekkende werkloosheid onder jeugdiges. Dit was die wese van radikaliserings in Cabo Delgado tot die punt waar die insurgensie vanaf 2017 ’n ernstige nasionale veiligheidsbedreiging vir Mosambiek begin inhou het. Daarbenewens is Ansar al-Sunna in die afgelope jare versterk deur jeugdige burgers uit naasliggende lande wat eweneens in ’n gemarginaliseerde posisie verkeer het. So kon die beweging ’n ondersteuningsbasis opbou wat uiteindelik in tientalle klein selle in Cabo Delgado versprei en georganiseer is.

In die bespreking is dit ook duidelik gemaak dat suksesvolle teeninsurgensie-operasies ’n omvattende benadering verg, ’n benadering wat ’n eenheid van poging en bevel insluit en wat gerig is op die militêre, politieke, ekonomiese en sosiale dimensies van ’n konflik. ’n Teeninsurgensiestrategie behels derhalwe operasies wat uitdagend, duur en langdurig is.

Hier bo is verder aangevoer dat daar in die noorde van Mosambiek nie slegs ’n oplossing deur militêre middele gesoek kan word nie. ’n Niemilitêre benadering moet eweneens gevolg word, aangesien dit inderwaarheid onmoontlik is om ’n insurgensie die hoof te bied indien griewe en frustrasie onder die plaaslike bevolking met betrekking tot sake soos armoede en ongelykheid nie ook die nodige aandag geniet nie. Dit is veral van toepassing op jeugdige wat hulle tot ekstremisme wend vanweë ’n gebrek aan ontwikkelingsgeleenthede. ’n Sentrale argument in die bespreking hier bo is trouens dat Cabo Delgado in die afgelope jare ’n vrugbare teelaarde geword het vir radikaliserings teen die agtergrond van hoë werkloosheid, lae geleterdheidsvlakke en weinig indien enige dienslewering in die provinsie.

Die optrede van die Mosambiekse veiligheidsmagte het van meet af aan neergekom op hardhandige optrede teen die insurgente wat heelwat ooreenstem met soortgelyke hardhandige veiligheidsoptrede elders in Afrikastate, byvoorbeeld in Nigerië. Ná jare lange verwaarlosing deur die Mosambiekse regering het die veiligheidsmagte egter nie die mas opgekom nie. Veral probleme met ondervergoeding en gebrekkige logistieke ondersteuning was knelpunte.

Teen dié agtergrond het die Mosambiekse regering aan die private Russiese paramilitêre Wagner-groep die groen lig gegee om in September 2019 in Cabo Delgado te ontplooi ter ondersteuning van die Mosambiekse veiligheidsmagte. Daarna was die Suid-Afrikaans-gebaseerde DAG die ooglopendste buitelandse rolspeler, maar geen werklike welslae kon teen die insurgente behaal word nie. Trouens, soos hier bo bespreek, het die private buitelandse paramilitêre magte ’n landskap betree wat besaai was met allerlei gruweldade wat gewissel het van doodslag tot verminkings tot ontworteling. Hierbenewens was die insurgente goed georganiseer, gemotiveer en goed toegerus, en nóg die militêre benadering van die Mosambiekse regering nóg die hulp van private buitelandse paramilitêre magte kon aanvalle van Ansar al-Sunna tot ’n einde bring of selfs ’n betekenisvolle demper daarop plaas.

’n Nuwe hoofstuk in die konflikdinamika in Cabo is ingelui met die toetrede van SAMIM tot die konflik in Cabo Delgado nadat daar op ’n buitengewone spitsberaad van die staats- en regeringshoofde van die SAOG op 23 Junie 2021 besluit is om ’n bystandsmag van die SAOG na Mosambiek te stuur. Laasgenoemde is vanaf Julie 2021 in Mosambiek ontplooi. Die goeie verhoudinge tussen die staatshoofde van Mosambiek en Rwanda het inmiddels ook ’n ander

belangrike ooreenkoms meegebring wat eweneens voorsiening gemaak het vir die ontplooiing van 'n buitelandse mag in Cabo Delgado, naamlik soldate van die Rwandese weermag.

Die Rwandese weermag het spoedig welslae aangeteken deur die noordelike strategiese hawedorp Mocímboa da Praia terug te wen van die insurgente, terwyl daar ook aanspraak gemaak is op welslae in ander gevegte teen die insurgente. Voorts is 'n 50 km lange veiligheidsone geskep om die gasprojekte wat vir Total Energies van kritieke belang was om sy betrokkenheid by die gasprojekte in heroorweging te bring, te beskerm.

SAMIM is egter vroeg reeds deur militêre waarnemers bestempel as 'n mag wat nie naastenby toegerus is met die hulpbronne wat nodig is vir 'n mag van dié aard nie. Die aanvanklike beplanning om 'n mag van 3 000 soldate te ontplooi, met inbegrip van infanterie en spesiale magte asook verskeie helikopters wat aanvals- en vervoertake kon uitvoer, het nie gerealiseer nie. Terselfdertyd het die Rwandese magte, wat 'n sterk mag van 1 000 ontplooi het wat later na 2 000 opgestoot is, beter as SAMIM in operasies teen die insurgente gevaar. Wat die Mosambiekse veiligheidsmagte betref, was daar aanduidings dat hulle nie slegs tekorte aan toerusting en ammunisie ervaar het nie, maar in sekere gevalle tydens gevegsituasies gevlug het.

In die vroeë maande van 2022 was die ruggraat van die insurgensie egter nog hoegenaamd nie gebreek nie en kon die insurgente daarin slaag om hulle aktiwiteite na die weste van die land uit te brei terwyl daar selfs op die moontlikheid gewys is dat hulle vanaf die kant van die Malawi-meer ondersteuning kon ontvang. Kortom, SAMIM het ver tekort geskiet wat betref die nodige personeel en toerusting om Ansar al-Sunna die hoof te bied, en in die geheel gesien was daar vanaf vroeg in 2022 tot die skrywe hiervan ooglopende gebreke op militêre vlak. Nodeloos om te meld dat die sosio-ekonomiese probleme in die noorde van Mosambiek wesenlik onaangeraak gebly het. Met ander woorde, van die weë en middele om 'n blywende oplossing buite die militêre omgewing na te jaag en sodoende 'n einde te probeer bring aan die konflik in Cabo Delgado, is daar geen teken nie.

'n Kernaspek van teeninsurgensie-operasies wat hier in die finale instansie benadruk moet word, is dat 'n militêre benadering van meet af aan duidelik was in pogings van die Mosambiekse regering om Ansar al-Sunna in bedwang te hou en selfs te elimineer. Afgesien daarvan dat die Mosambiekse regering se aanvanklike benadering een van kragdadige of hardhandige optrede jeens die beweging was, was die daaropvolgende pogings van die buitelandse paramilitêre magte wat by die stryd teen Ansar al-Sunna betrek is, eweneens gekenmerk deur pogings wat grootliks of selfs uitsluitlik op militêre optrede geskoei was. Soos verwag kon word, het dit nie tot geslaagde operasies gelei nie. Wat ontbreek, is 'n benadering met 'n langtermyn oogmerk en skynbaar selfs 'n grondige besef dat die problematiek van gebrekkige regering en gepaardgaande sosio-ekonomiese probleme radikaliserings moontlik gemaak het en derhalwe 'n aanleidende oorsaak van die insurgensie was. Dienooreenkomstig moet dit in teeninsurgensiepogings die nodige aandag geniet. Tans is dit (steeds) 'n tekortkoming in die insurgensie-operasies waarby SAMIM en die Rwandese magte betrokke is.

So gesien, kan die rolspelers wat in Mosambiek betrokke is by die insurgensie, wel daarop aanspraak maak dat daar op militêre gebied 'n multinasionale poging aangewend is om die insurgente in bedwang te hou, maar van welslae in 'n omvattende teeninsurgensieverband is daar tot dusver weinig sprake – met die vooruitsig dat die insurgensie, soortgelyk aan dié in Somalië of Nigerië, selfs 'n permanente verskynsel kan word.

Bibliografie

Alden, C. en S. Chichava. 2020. Cabo Delgado and the rise of militant Islam: Another Niger Delta in the making? *SAIIA Policy Briefing*, Oktober. <https://saiia.org.za/research/cabo-delgado-and-the-rise-of-militant-islam-another-niger-delta-in-the-making> (17 Maart 2021 geraadpleeg).

Aljazeera. 2020. Mozambique admits presence of ISIL-affiliated fighters. 24 April. <https://www.aljazeera.com/news/2020/4/24/mozambique-admits-presence-of-isil-affiliated-fighters> (22 November 2020 geraadpleeg).

—. 2021. In Mozambique, Kagame says Rwandan troops' work not over. 24 September. <https://www.aljazeera.com/news/2021/9/24/in-mozambique-kagame-says-rwandan-troops-presence-to-continue> (29 September 2021 geraadpleeg).

Amnestie Internasionaal. 2022. Winning peace in Mozambique's embattled North. 10 Februarie. <https://www.crisisgroup.org/africa/southern-africa/mozambique/b178-winning-peace-mozambiques-embattled-north> (13 Februarie 2022 geraadpleeg).

Baker, D.-P. en E. Jordaan. (reds.) 2010. *South Africa and counterinsurgency: Roots: practices, prospects*. Kaapstad: UCT Press.

Baker, D.-P. en M. O'Neill. 2010. Introduction: Contemporary South Africa and counterinsurgency. In Baker en Jordaan (reds.) 2010.

Bertelsmann Stiftung, BTI. 2022. *Country Report – Mozambique*. Gütersloh: Bertelsmann Stiftung.

Beula, E. 2021. Armed forces begin to gain visibility in the operational command in Cabo Delgado. *Centro Para Democracia E Decenvolvimento, Guardiã Da Democracia*, 10 Januarie.

Bowker, T. 2020. Mozambique projects adjust to life in a war zone. *Petroleum Economist*, 4 September. <https://www.petroleum-economist.com/articles/upstream/exploration-production/2020/mozambique-projects-adjust-to-life-in-a-war-zone> (19 Februarie 2021 geraadpleeg).

Buchanan-Clark, S. 2020. Going deep into Mozambique's Cabo Delgado extremism. *GGA (Good Governance Africa)*, 29 Oktober. <https://gga.org/going-deep-into-mozambiques-cabo-delgado-extremism/> (11 Januarie 2021 geraadpleeg).

Campbell, J. 2020. The military-first approach in northern Mozambique is bound to fail. Council on Foreign Relations Blog Post, 23 November. <https://www.cfr.org/blog/military-first-approach-northern-mozambique-bound-fail> (5 Desember 2021 geraadpleeg).

Cascias, A. 2021. Rwanda's military intervention in Mozambique raises eyebrows. DW.com, 24 Augustus. <https://www.dw.com/en/rwandas-military-intervention-in-mozambique-raises-eyebrows/a-58957275> (11 September 2021 geraadpleeg).

Casola, C. en A. Iocchi. 2020. The “faceless evildoers” of Cabo Delgado: An Islamist insurgency in Mozambique? *ISPI Online*, 3 Augustus. <https://www.ispionline.it/en/publicazione/faceless-evildoers-cabo-delgado-islamist-insurgency-mozambique-27154> (11 November 2020 geraadpleeg).

Craig, N. 2020. Jihadist insurgency crisis could spill over into KZN, warn analysts. *IOL*, 31 Mei. <https://www.iol.co.za/sunday-tribune/jihadist-insurgency-crisis-could-spill-over-into-kzn-warn-analysts-48747883> (11 November 2020 geraadpleeg).

Da Cruz, J. de A. 2022. Fueling insurgency: Liquified natural gas, ISIS and green berets in Mozambique. *Modern War Institute at West Point*, 18 Maart. <https://mwi.usma.edu/fueling-insurgency-liquified-natural-gas-isis-and-green-berets-in-mozambique> (20 Maart 2020 geraadpleeg).

defenceWeb. 2022. SAMIM seemingly going nowhere. 2 Februarie. <https://www.defenceweb.co.za/featured/samim-seemingly-going-nowhere> (15 Maart 2022 geraadpleeg).

Deleglise, D. 2021. Issues and options for the SADC Standby Force mission in Mozambique. *ACCORD Conflict and Resilience Monitor*, 30 Junie. <https://www.accord.org.za/analysis/issues-and-options-for-the-sadc-standby-force-mission-in-mozambique> (11 Augustus 2021 geraadpleeg).

Demuyneck, M. en G. Weijenberg. 2021. The upcoming SADC intervention: A new way ahead to combat terrorism in Mozambique. International Centre for Counter-Terrorism, 22 Julie. <https://icct.nl/publication/the-upcoming-sadc-intervention-a-new-way-ahead-to-combat-terrorism-in-mozambique> (11 Februarie 2022 geraadpleeg).

Du Plessis, C. 2022. Rwanda agrees to work more with Mozambique to tackle insurgency. *Business Day*, 12 Januarie. <https://www.businesslive.co.za/bd/world/africa/2022-01-12-rwanda-agrees-to-work-more-with-mozambique-to-tackle-insurgency> (18 Januarie 2022 geraadpleeg).

Fabricius, P. 2020a. Islamist insurgents capture second town in northern Mozambique within 48 hours. *Daily Maverick*, 26 Maart. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-03-26-islamist-insurgents-capture-second-town-in-northern-mozambique-within-48-hours/#gsc.tab=0> (20 Junie 2020 geraadpleeg).

—. 2020b. Is Islamic State taking charge of Mozambique’s jihadist insurgency? *ISS Today*, 10 Januarie. <https://issafrica.org/iss-today/is-islamic-state-taking-charge-of-mozambiques-jihadist-insurgency> (20 Junie 2020 geraadpleeg).

—. 2022. “Wars can’t be fought on the cheap”: Experts and special forces call for more infantry and equipment in Mozambique. *Daily Maverick*, 11 Januarie. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2022-01-11-wars-cant-be-fought-on-the-cheap-experts-and-special-forces-call-for-more-infantry-and-equipment-in-mozambique> (20 Januarie 2022 geraadpleeg).

Global Initiative Against Transnational Organized Crime. 2020. Are Mozambique's insurgents closing in on illicit trafficking profits? *Daily Maverick*, 8 Mei. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-05-08-are-mozambiques-insurgents-closing-in-on-illicit-trafficking-profits> (20 Junie 2020 geraadpleeg).

—. 2022. *Insurgency, illicit markets and corruption*. Genève. Februarie.

Gossman, A.M. 2010. *Insurgency and counter-insurgency: An introduction*. In Baker en Jordaan (reds.) 2010.

Gray, C.S. 2012. *Categorical confusion? The strategic implications of recognizing challenges either as irregular or traditional*. Strategic Studies Institute, US Army War College: Carlisle, PA.

Habibe, S., S. Forquilha en J. Pereira. 2019. *Islamic radicalization in northern Mozambique: The case of Mocímboa da Praia*. *Cadernos IESE*, no. 17.

Hall, J. 2020. *Mozambique's energy sector caught in Southern Africa's first terrorist insurgency*. *In On Africa*, 2 Junie. <https://www.inonafrica.com/2020/06/02/mozambiques-energy-sector-caught-in-southern-africas-first-terrorist-insurgency> (20 Junie 2020 geraadpleeg).

Human Rights Watch. 2016. "The next one to die": State security force and Renamo abuses in Mozambique. Mei. <https://www.hrw.org/report/2018/01/12/next-one-die/state-security-force-and-renamo-abuses-mozambique> (2 Augustus 2022 geraadpleeg).

Institute for Economics and Peace. 2020. *Global terrorism index 2020: Measuring the impact of terrorism*. Sydney: IEP.

Israel, P. 2020. *Making sense of Mozambique's brutal insurgency*. *The Mail & Guardian*, 4 Mei. <https://mg.co.za/africa/2020-05-04-making-sense-of-mozambiques-brutal-insurgency> (5 Augustus 2020 geraadpleeg).

Janse van Vuuren, I. 2020. *The Islamic State and Mozambique: Cause for concern*. *Security Institute for Governance and Leadership in Africa Research Brief*, no. 15.

Kajjo, S. en A. Vilanculos. 2020. *3 years into insurgency, Mozambique's Cabo Delgado remains vulnerable*. *VOA News*, 7 Oktober. <https://www.voanews.com/extremism-watch/3-years-insurgency-mozambiques-cabo-delgado-remains-vulnerable#:~:text=3%20Years%20Into%20Insurgency%2C%20Mozambique's%20Cabo%20Delgado%20Remains%20Vulnerable,-By%20Sirwan%20Kajjo&text=The%20United%20Nations%20says%20the,the%20beginning%20of%20the%20conflict> (24 Februarie 2021 geraadpleeg).

Khadiagala, G.M. 2021. *Regional military intervention in Mozambique is a bad idea. Here's why*. *The Conversation*, 24 Junie. <https://theconversation.com/regional-military-intervention-in-mozambique-is-a-bad-idea-heres-why-161549> (7 Februarie 2022 geraadpleeg).

Mackinnon, A. 2020. Mozambique's growing insurgency takes strategic port. *Foreign Policy*, 14 Augustus. <https://foreignpolicy.com/2020/08/14/mozambique-growing-insurgency-take-strategic-port-mocimboa-praia-islamic-state/> (12 November 2020 geraadpleeg).

Mapping Militant Organizations. 2018. Boko Haram. Stanford University. Maart. <https://cisac.fsi.stanford.edu/mappingmilitants/profiles/boko-haram> (19 September 2020 geraadpleeg).

Martin, G. 2021. US military providing additional training to Mozambican Armed Forces. *defenceWeb*, 16 Augustus. <https://www.defenceweb.co.za/featured/us-military-providing-additional-training-to-mozambican-armed-forces> (1 Augustus geraadpleeg).

Matsinhe, D. en E. Valoi. 2019. The genesis of insurgency in northern Mozambique. *ISS Southern Africa Report*, no. 27, ble. 1–22.

Metz, S. en R. Millen. 2004. *Insurgency and counterinsurgency in the 21st century: reconceptualizing threat and response*. Strategic Studies Institute, US Army War College: Carlisle, PA.

Morier-Genoud, E. 2017. Mozambique's own version of Boko Haram is tightening its deadly grip. *The Conversation*, 11 Julie. <https://theconversation.com/mozambiques-own-version-of-boko-haram-is-tightening-its-deadly-grip-98087> (5 April 2021 geraadpleeg).

Mumford, A. 2010. Sir Robert Thompson's lessons for Iraq: Bringing the "basic principles of counter-insurgency" into the 21st century. *Defence Studies*, 10(1/2):177–94.

Mutasa, M.N. en C. Muchemwa. 2021. Ansar Al-Sunna Mozambique: Is it the Boko Haram of Southern Africa? *Journal of Applied Security Research*, 17:1–19.

Pirio, G., R. Pitelli en Y. Adam. 2019. The many drivers enabling violent extremism in northern Mozambique. *Africa Centre for Strategic Studies: Spotlight*, 20 Mei. <https://africacenter.org/spotlight/the-many-drivers-enabling-violent-extremism-in-northern-mozambique> (9 Oktober 2020 geraadpleeg).

ReliefWeb. 2020. Mozambique: Deteriorating humanitarian situation in Cabo Delgado province. Short Note, 8 April. <https://reliefweb.int/report/mozambique/mozambique-deteriorating-humanitarian-situation-cabo-delgado-province-short-note> (19 September 2020 geraadpleeg).

Reuters. 2020. Isis-aanvalle: Mosambiek vra EU se hulp, 24 September. <https://www.netwerk24.com/netwerk24/nuus/internasionaal/isis-aanvalle-mosambiek-vra-eu-se-hulp-20200924> (25 Februarie 2022 geraadpleeg).

Rhula Intelligent Solutions. 2022a. Major insurgent base captured by security forces in northern Mozambique. *Weekly Media Review: Mozambique*, no. 422, ble. 13–20.

—. 2022b. Resurgence of insurgent activity, with attacks reported along the coast. *Security and Risk: Mozambique, SITREP 220513-ARA001*, 22 Mei.

—. 2022c. SANDF deployment to Mozambique extended, at a cost of R2,8 billion. *Rhula Weekly: Mozambique Media Review*, no. 410, ble. 20–27.

SAOG (Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap). 2021. Communiqué of the Extraordinary Summit of SADC Heads of State and Government, 23 Junie, Maputo, Mozambique. <https://www.thepresidency.gov.za/content/communiqué-extraordinary-sadc-summit-heads-state-and-government-23-june-2021-0> (8 Augustus 2021 geraadpleeg).

—. 2022. Communiqué of the Extraordinary Summit of Heads of State and Government of the Southern African Development Community, 15 Januarie. <https://reliefweb.int/report/mozambique/communiqué-extraordinary-summit-heads-state-and-government-southern-african> (13 Februarie 2022 geraadpleeg).

Schlein, L. 2020. Anarchy reigns in Mozambique's Cabo Delgado as conflict escalates. *VOA News*, 13 November. <https://www.voanews.com/africa/anarchy-reigns-mozambiques-cabo-delgado-conflict-escalates> (24 November 2020 geraadpleeg).

Tresten, J. 2021. Fighting fire with fire – Why violence will not solve Mozambique's insurgency. The Organization for World Peace, 29 Augustus. <https://theowp.org/reports/fighting-fire-with-fire-why-violence-will-not-solve-mozambiques-insurgency> (13 September 2021 geraadpleeg).

US Embassy in Mozambique. 2020. Mozambique 2018 – international religious freedom report. <https://mz.usembassy.gov/mozambique-2018-international-religious-freedom-report> (18 Maart 2021 geraadpleeg).

Vreÿ, F. 2010. Current and future trends in insurgency. In Baker en Jordaan (reds.) 2010.

World Food Programme. 2022. Escalating conflict in northern Mozambique pushes thousands into hunger and desperation. 22 April. <https://www.wfp.org/news/escalating-conflict-northern-mozambique-pushes-thousands-hunger-and-desperation> (8 Februarie 2022 geraadpleeg).

Zenda, C. 2021. Can hired guns turn the tide in Mozambique's intractable Cabo Delgado province? *African Defence Forum*, 4(3):20–5.